Vandag baie seer, ons harte is stukkend.
Hierdie is nie verjaarsdag of prysuitdeling nie, dit is ‘n begrafnis. Ons beleef verlies. Ons moet praat oor die dood.
Elke keer Paulus praat oor die dood, was sy klem op Jesus wat opstaan.

**1Kor 15:20-26 Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. (21) Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. (22) Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. (23) Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. (24) Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het. (25) Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. (26) Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.**

Dood reg verstaan.

Laaste vyand hier op aarde. In die Hemel geen dood.

Nou beleef ons, pyn, hartseer, verlies, woede. God van liefde wat ons dan moet beskerm van die dood.

Lazarus sterf, Jesus kom eers ‘n paar dae later daar aan. Marta Hom sien, toe baklei Marta met Hom. As U net hier was. Vandag nog, gee ons die Here die skuld. Besef baie hoekom’s en waarom’s . Dood is nie God se skuld nie. Waar kom dood vandaan.

**Rom 5:12-14 Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het. (13) Die sonde was al in die wêreld nog voordat die wet van Moses gegee is, maar sonde word nie toegereken as daar nie 'n wet is nie. (14) Nietemin het die dood heerskappy gevoer van Adam af tot by Moses, ook oor mense wat nie gesondig het op dieselfde manier as dié waarop Adam oortree het nie.**

Baie mense gaan op verskeie maniere dood, Dit is nie die Here wat die ongeluk veroorsaak het nie. Dit is nie God wat dood maak nie.

Dood reg verstaan. Liggaam siel en Gees. Ons liggaam sterf, nie siel en Gees nie. Ons liggaam gaan terug aarde toe, maar ons siel gaan terug na God toe.

God red haar van ‘n ewige dood.  Toe MIEKE sterf is die engele daar om haar om haar weg te dra na haar Hemels Vader toe.  Sy was nie alleen nie.
Dood is ‘n deur wat ons oop maak.  Na ander dimensie.

Sy was ‘n baie mooi meisie, ek wonder hoe lyk Mieke nou.
Hulle Vra Paulus ook, hoe lyk ons in die hemel?
Ons was nog nie daar nie, Paulus vertel ons wat God aan hom geopenbaar het.
Vra hoe lyk ons in die hemel?

**1Kor 15:40-49  Daar is hemelliggame en daar is aardse liggame. Die glans van die hemelliggame is anders as dié van die aardse liggame.  (41)  Die glans van die son is anders as dié van die maan of dié van die sterre. Ook verskil die een ster se glans van dié van die ander.  (42)  So is dit ook met die opstanding van die dooies: wat gesaai word, is verganklik en word in onverganklikheid opgewek;  (43)  wat gesaai word, is gering en word in heerlikheid opgewek; wat gesaai word, is swak en word in krag opgewek.  (44)  'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Aangesien daar 'n natuurlike liggaam is, is daar ook 'n geestelike liggaam.  (45)  So staan daar ook geskrywe: "Die eerste mens, Adam, het 'n lewende wese geword." Die laaste Adam het die lewendmakende Gees geword.  (46)  Die geestelike kom nie eerste nie maar die natuurlike, en daarna die geestelike.  (47)  Die eerste mens is uit die aarde en is stoflik; die tweede mens is uit die hemel.  (48)  Soos die stoflike mens was, so is ook die stoflike mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense.  (49)  Soos ons die beeld van die stoflike mens was, sal ons ook die beeld van die hemelse wees.**

Johannes het Die opgestaande Jesus gesien, verheerlikheid.  Probeer beskryf.

**1Joh 3:2  Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is.**
Mieke is baie meer as ons, Sy is soos Jesus nou.  Verheerlik.
Maar Johannes sien ook iets anders.

**Rev 4:1  Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: "Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur."**

Die Hemel staan nie oop vir almal nie.

**Joh 3:16-18  God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.  (17)  God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.  (18)  Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.**

Mieke was ‘n kind, afhankling van ander se keuses oor haar lewe, nie altyd haar eie keuses maak nie.  Geloof en ongeloof.  Daarom red God haar.  **Die kindertjies behoort aan Jesus**
Maar ek en jy moet n keuse maak.
Baie sê en glo hulle sal haar weer sien.  Dan moet jy die Here dien.  Jy kan nie by die Vader kom sonder Jesus nie.  Jesus glo dan word jy ‘n kind van God en die kinders behoort aan Jesus.  Word kind van God.  Nie op jou manier nie, met God se manier.

**Mat 6:12-15  en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;  (13)  en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.  (14)  As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.  (15)  Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.**

Dink ‘n oomblik, Mieke is by die Here.  Sy het nie met haat in haar hart rondgeloop nie, almal vergewe, Sy het niks teen niemand gehad nie.
Ek vra jou vergewe.  Vergewe is God se manier, Hy het ons vergewe.  Kom ons vergewe ook.

God se reddings plan, is dat ons in Jesus sal glo.  Ontmoet die bruidegom

**Mat 25:1-13  "Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag.  (2)  Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig.  (3)  Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle saamgevat nie,  (4)  terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers gevat het.  (5)  Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.  (6)  In die middel van die nag was daar 'n geroep: 'Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!'  (7)  Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg.  (8)  Die onverstandiges sê toe vir die verstandiges: 'Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.'  (9)  Maar die verstandiges antwoord: 'Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie.'  (10)  Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.  (11)  Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: 'Meneer, Meneer, maak vir ons oop!'  (12)  Maar die bruidegom antwoord: 'Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!'  (13)  Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie.**